**Sondag 9 April 2023**

Gebed:

*Here, mag my oë oopgaan dat ek U kan sien*

*Mag my ore stil word dat ek U kan hoor*

*Laat my tong los kom dat ek liefde kan bring*

*Mag my verstand helder raak dat ek genade kan snap*

*Mag my hart opvlam dat ek U lief kan hê*

My kollega het Vrydagoggend so treffend verwys na die kunswerk van Rembrandt wat handel oor die 3 kruise. Vanoggend wil ek die kuns metafoor verder vat.

1 jaar gelede bevind ek my op Paasnaweek in Parys. En nie die een in die Vrystaat nie. As ek nie in die een winkel Paaseiers gesien het nie, sou ek, soos meeste van die land nie geweet het dit is Paasnaweek nie. Op Goeie Vrydag besoek ek en Odette toe die Louvre. Die wêreld se bekendste, mees besoekte en grootste kunsmuseum. As jy 30 sekondes na elke kunswerk in die museum wil kyk, dan sal dit jou 100 dae vat. Die plek is so groot jy verdwaal tussen die gange, vertrekke en reusagtige kunswerke. Die museum kry ongeveer 10 miljoen besoekers per jaar.

Maar meeste besoekers kom besoek net die Louvre vir 1 spesifieke skildery. Tussendeur al die kunswerke hoef mens nie te lank te soek nie, want die mense stap soos in 'n winkelsentrum reguit na hierdie een kunswerk toe. Weet julle wat dit is? Julle is reg, dit is die Mona Lisa, 'n Olie kunswerk, geskilder deur Leonardo de Vinci in die jaar 1503-1506.

Mense is aangegryp deur hierdie baie realistiese beeld van 'n vrou wat so sit. Haar oë wat jou glo heeltyd kan sien. Haar glimlag. Haar postuur wat so gesond lyk. Die klere wat sy aanhet. En jy kan maklik wonder, maar wat maak nou juis die kunswerk spesiaal, dit lyk dan net soos enige ander normale vrou. Wel- dit is juis wat dit so aanloklik maak. Die misterie van, wie is die vrou, hoekom is sy geskilder, waarna kyk sy, hoekom glimlag sy ens.

Ons is egter nie vanoggend in Parys nie, maar ek het gedink as kinder oomblik kan ons vir die jongspan die geleentheid gee om saam met my 'n Selfie by die mona Lisa te neem. Ek vir die Franse President Mnr. Emmanuel Macaroon gevra en hy het haar vir Kraggakamma geleen vanoggend. Kom kyk, het die "original" saamgebring. Pappa en Mamma kan na die fake poop die bord kyk.

- ✞ Kinders kom na vore- neem foto

Maar wat my altyd sal bybly van hierdie Paasnaweek ervaring is nie die Mona Lisa nie, maar liewer die ander kunswerk, wat ook in daardie propvol klein vertrekkie is. Want as jy nou soos ek nie in die lang ry wil staan om die klein skildery te sien nie, maar liewer heel voor, langs die deurgaan staan sodat almal half na jou toe kyk (en jy almal kan sien), toe sien ek iets mooier as Mona Lisa. Die ander kunswerk, is eintlik die grootste skildery in die hele museum. Dit is 6.77 m hoog en 9.94 m lank. Dit is die kunswerk van Jesus by die bruilof fees in Kana. Jy sien ''n hele partytjie. Mense wat eet. Mense wat wyn ingooi. Mense wat gesels. Mense wat musiekmaak. En dan reg in die middel van die tafel, in die middel van die kunswerk sit Jesus. En ek het gedink, wat as 10 Miljoen besoekers elke jaar net doodeenvoudig omdraai en vir Jesus raaksien.

Ek is seker as jy net vir Jesus raaksien, is dit nie ent 'n mooi foto nie, maar liewer 'n mooi lewe wat op jou wag.

Nie tyd vir ’n selfie nie, maar om selfloos dienend die lewe aan te pak.

Ek het gedink, dit is dalk hoe die lewe werk. Die mensdom, die media, die kultuur van die dag, kyk almal in een rigting. Maar mis dan die lewensgroot Jesus wat ook in die vertrek is.

Wek het gedink, dalk is dit hoe Paasnaweek is. Die wegbreek naweek. Mini Desember vakansie. Paaseier jag. Lekker sport toernooi naweek.  Tyd vir laat slaap. En dan kyk ons vir Jesus (Die rede vir Paasnaweek mis.

My gebed is dat die Here vir my en jou sal help, om vanuit sy leë graf en sy volle teenwoordigheid hom raak te sien in ons lewe.

- ✞ Die opstanding vind gedurig rondom ons plaas, Die vars voetspore van God is oral in ons lewe sigbaar.

- ✞ Luister: Gebed – Koos Du Plessis in Frans

In die Bybel, lees ons ook van baie sulke verhale van mense wat eers nie gesien nie.

In Lukas 24 lees ons hoe daardie Sondagmôre vroeg vroue na die graf toe gegaan het. Maar hulle het niks gesien nie. Meteens verskyn 2 manne aan hulle en herinner hulle aan die feit dat Jesus nog altyd op die derde dag sou opstaan. Hulle vertel later vir die ander apostels hiervan en Petrus besluit hy vir vir homself dit sien.

En dan daarna volg die bekende verhaal van die Emmaus gangers.

15. Terwyl hulle so gesels en gedagtes wissel, het Jesus self nader gekom en met hulle saamgeloop,
16. maar hulle oë is verhinder om Hom te herken.

Jesus en die Emmausgangers het dan ‘n hele gesprek

30. Terwyl Hy saam met hulle aan tafel was, neem Hy die brood, vra die seën, breek dit en gee dit vir hulle.
31. Toe gaan hulle oë oop, en hulle het Hom herken, maar Hy het uit hulle gesig verdwyn.
32. Hulle sê toe vir mekaar: "Het ons hart nie warm geword toe Hy op die pad met ons gepraat en vir ons die Skrif uitgelê het nie?"
33. Hulle het dadelik opgestaan en na Jerusalem toe teruggegaan. Daar kry hulle die elf en die ander mense bymekaar,
34. en die sê: "Die Here het regtig opgestaan en Hy het aan Simon verskyn!"
35. Toe vertel hulle wat op die pad gebeur het, en hoe Hy aan hulle bekend geword het toe Hy die brood gebreek het.

In Vers 36 lees ons:

36- Terwyl hulle nog oor hierdie dinge praat, staan Jesus self meteens daar tussen hulle en sê vir hulle: “Vrede vir julle!”
37- Hulle het geweldig geskrik en bang geword en gedink hulle sien ‘n gees.
38-Hy sê toe vir hulle: Waarom is julle so verskrik, en waarom kom daar twyfel in julle harte? Kyk na my hande en my voete, dit is tog ek self.

Ek het hierdie selfde teks ook gebruik tydens my bevestiging. Ek het daardie dag vanuit die Emmaus gangers verhaal gesê:

1. Jesus loop saam…. In my lewe, en in jou lewe…
2. Jesus se teenwoordigheid hang nie af van of ek hom sien of nie sien nie… Hy is hier…. Maar ook daar… Vertrou hom in die donker.
3. Ons sien Jesus se teenwoordigheid nie net wanneer ons die woord lees nie, maar wanneer ons die woord LEEF.

Die hele opstanding is ‘n Eyewitness account. I witness.

En ons dink dat hierdie ontmoetings altyd vreemd of buitengewoon moet wees. Ons wag vir die spectacular. Maak dit ons baiekeer blind vir die vars voetspore van God in ons lewe.

Ek het eendag saam met ‘n spul klasmaats op ‘n ver reis vertrek. Daar was een bussie te min bespreek en die gevolg was dat ons toe met die een meisie se motor ook moes ry. Na ‘n paar Km ry ons amper in ‘n ander motor vas. Die een passasier vra toe vir die drywer, kyk jy in jou blindekol? Waarop die drywer antwoord, ek was ‘n paar jaar gelde in ‘n reuse ongeluk, ek het ‘n permanente blindekol. Dit was eers snaaks, maar by die volgende vulstasie het ‘n paar passasiers liewer maar in die alreeds propvol bussie ingeklim.

Ek dink ons het blindekolle as dit kom by om God te sien. Ons sien ook ‘n lee graf. En as Dominee sukkel ek ook om hom te sien. Dit is vir my moeilik om hom te sien;

- ✞ As ek op Commercial Road ry en sien hoe mense leef.
- ✞ As ek by Binnelandse sake sit, en mense se gesigte dophou
- ✞ As ek na die damvlakke kyk, en weet hoe lank bid ons nou al vir reën
- ✞ As ek na die sportspan kyk, en weet hierdie afrigter kies nie regverdig sy span nie
- ✞ AS ek weet die persoon het hard probeer, maar die resultate gebeur steeds nie.

Dit is soos om in die Louvre in klomp mense vas te kyk, of hierdie klein beeld, agter baie dik glas, vir ‘n oomblik raak te sein, en dan druk klomp mense my uit die pad uit. Terwyl die opstanding my dalk uitnooi om om te draai, en Christus in sy grootheid raak te sien.

- Dalk is dit net om te besef dat deur die Here se genade is jy gesond
- Dalk is dit daardie oomblik wat jy na jou gesin kyk en besef hoe dankbaar jy kan wees.
- Dalk is dit wanneer jy na jou besittings kyk, en besef dat jy genoeg het- of selfs oorgenoeg het.

*Richard Rohr die Franciskaanse en Katolieke Priester skryf die volgende:*

*We cannot attain the presence of God because we’re already totally in the presence of God. What’s absent is awareness. Little do we realize that God is maintaining us in existence with every breath we take. Each time you take another breath, realize that God is choosing you again and again—and yet again. We have nothing to work up to or even learn. We do, however, need to unlearn some things, and most especially we must let go of any thought that we have ever been separate from God.*

*We have to learn to see what is already here. Such a simple directive is hard for us to understand. We want to attain some concrete information or achieve an improved morality or learn some behaviour that will make us into superior beings. We have a "merit badge" mentality. We worship success. We believe that we get what we deserve, what we work hard for, and what we are worthy of. It's hard for Western people to think in any other way. But any expectation of merit or reward actually keeps us from the transformative experience called grace.*

*Jesus says further, "If your eye is healthy, your whole body will be full of light" (Luke 11:34).*

Wat die vraag bring, wat is dan nodig, dat ek vir God meer sien? Wat is nodig in jou lewe sodat jy vir God aan die middelpunt van jou tafel kan plaas? In die middel van jou lewe? Om te besef dat hierdie opstanding ook vir jou gebeur het. Vir jou het die bloed gevloei, vir jou is die dood oorwin, vir jou is daar opgestaan, en opgevaar. Vir jou is die Heilige Gees geskenk. Meer kerk? 'n Kleingroep? Meer natuur? Meer musiek van 'n sekere genre? Minder televisie? Minder sosiale media?

Die vars voetspore van God, word soveel meer sigbaar wanneer ons agter HOM aanloop. Waar ons gedurig oop is vir sy teenwoordigheid. Waar ons gedurig soek vir sy teenwoordigheid. Ek glo ook, daardie ruimte waar ons die verhale met mekaar deel, word juis ruimtes waar daar meer van God se teenwoordigheid raakgesien word. Dit maak dat ander ook meer oplettend kan leef.

Sing saam:

- L 329- Want so lief het God die wêreld gehad.
- L 471: Soek allereers die Koninkryk van God;
- L 212: Loof die Heer hy is goed v 1,2,3
- L 464 O Heer my God v 1,2

Seën gebed:

Ek kyk op na die berge waarvandaan my hulp kom, ek kyk af en sien Jesus in 'n krip lê,
ek kyk na Donderdag en ek sien dat hy verloën en verraai is.
Ek kyk na Vrydag en ek sien Jesus hang aan die kruis,
Ek kyk na Saterdag en alles is stil en onseker
Ek kyk na Sondag en ek sien 'n leë graf,
Ek kyk na Maandag en die res van die week en ek sien Jesus aan die regterhand van God. Ek sien met sy Gees in my, die Vars voetspore van God in my lewe.